# Gereformeerde Kerk Pietersburg

# Die Basuin

**11 Februarie 2018**

**Predikant:**
**ds. P.R. Gouws/ds. S.P. Venter**
**Pastorie: 015 296 1630/296 1840**
**Sel: 072 437 7938/082 809 0222**
**gouwspr@gmail.com of**
**sarel.pventer@gmail.com**

**EREDIENSTE:**
**09:00 en 18:00**

## Tema 2018 – *REFORMEREND VORENTOE*

| | |
|---|---|
| **OGGEND EREDIENS** | **ds. Retief Gouws** |
| **Skriflesing** | **Psalm 127 (1)** |
| **Tema** | **As die HERE die huis nie bou nie, is alles tevergeefs** |
| | Psalm 24: 1 & 2 [111] |
| | Psalm 84: 1, 3 & 6 [424] |
| | Psalm 18: 14 [71] |
| | Psalm 25: 5 [115] |
| | Psalm 118: 11 & 12 [575] |
| | Psalm 20: 2 & 4 [90] |
| | Psalm 71: 1, 4 & 9 [353] |

Bewoon, bewerk en bewaar. Dis die opdrag wat die Here vir die mens gee met die skepping, maar hoe moeilik is hierdie taak nie? Soms voel dit of ons tevergeefs probeer bou aan ons en ons kinders se lewe. Daarom soek die Here die mens op in sy groot genade om vir ons 'n God te wees. Waar Hy bou en bewaar is geluk en vrede. Laat ons naby God leef, dat Hy ons huis bou en bewaar. Dan kan ons weet, niks sal ons ooit uit sy hand kan ruk nie.

| | | |
|---|---|---|
| **AAND EREDIENS** | **ds. Sarel Venter** | |
| **Skriflesing** | **Genesis 50** | |
| **Tema** | **Vergewe soos die Here?** | |
| | Psalm 146: 1, 8 | **Om die orrel:** |
| | Psalm 146: 3, 4 | Psalm 27: 1, 4 |
| | Psalm 115: 1, 7 (Skrifberyming 18-7 se wysie) | Psalm 28: 1, 7 |
| | | Skrifberyming 3-1: 1, 3 |
| | | Skrifberyming 14-2 |

Jakob is dood en begrawe. Na die begrafnis is alles weer normaal. Die broers is bang dat Josef hom nou op hulle gaan wreek omdat hulle hom as slaaf verkoop het. Hulle het hom 'n groot onreg aangedoen. Hulle bewerk allerhande planne om Josef te oortuig. Kyk na Josef se antwoord: Ek is nie die Here nie. Die Here het my in Egipte gebruik. Hy is dienaar van God. So is Jesus Christus ons Middelaar om sondes te versoen. God voorsien in Jesus vir ons sonde droogte. Hy oorwin al die nood en bewerk 'n ewige verlossing.

- **Katkisasie**

  Die katkisasie het reeds verlede week begin. Al die jongmense moet asseblief ***in die konsistorie bymekaar kom*** vir die opening. Ons sal vir diegene wat nog nie weet wie hul kategeet is nie mooi wys. Ons tyd is baie beperk, so ons vra dat julle asseblief vinnig sal maak sodat ons kan begin met die lessies.

  Al die ***hoërskool*** katkisante moet onthou van ons ekstra (verpligte) katkisasieles na afloop van die eerste katkisasiesessie. Ons kom voor in die kerk bymekaar. Indien jy nie daar kan wees nie, maak asseblief verskoning by ds. Retief.

- **Gebeurtenisse hierdie week:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **11 Feb. 2018** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Dankbaarheidsfonds |
| 12 Feb. | **18:00** | Bedieningskommissievergadering | |
| 13 Feb. | **18:00** | Mediakommissievergadering | |
| 14 Feb. | **10:00** | Silwerdoppers | |
| 17 Feb. | **10:00** | Gesamentlike seniors byeenkoms (Pietersburg) | |

- **Konsistoriediensbeurt 11/02/2018**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Diensbeurt:** | **B3 PEMPS** | **Katkisasie:** | Gr. 2 |
| **Ouderling:** | Hendrik van der Walt | **Diaken:** | Comin van der Walt |

- **Oog vir mekaar**
  - Geluk aan Danie Grobbelaar was vanoggend as diaken bevestig is. Mag die Here jou al meer die nodige gawes en krag gee om ywerig in Sy diens te wees.
  - Ons bid vir en saam met die volgende lidmate:
    - Lida Borman het nuwe limfklierverspreidings. Ons bid vir jou en Piet wat DV Maandag sal hoor wat die verdere prosedure sal wees.
    - Johnny O'Reilly wat chemoterapie ondergaan het.
    - André Bakker wat bestraling ontvang.
    - Piet Fourie met wie dit op die oomblik beter gaan.
    - Santjie Bester wat ook weer siek is.

- **Attestaat ontvang**

  Geen.

- **Attestaat uit**

  Br. DJ van der Merwe na GK Messina.
  Br. A.S.M. (André) en sr. J.C.M. (Hannatjie) van Wyk na GK Magalieskruin.

- **Opgeneem in Gereformeerde Kerk**

  Geen.

- **Vertrek sonder attestaat**

  Geen.

- **Nuwe lidmate**

  Geen.

- **Algemeen**

- **Dominee, sê my asseblief:**

  Verlede jaar het van die katkisasie kinders (en hul nuuskierige ouers) ŉ voorstel gemaak dat ek ŉ weeklikse, kort stukkie in die Basuin plaas oor die werksaamhede en lewe van ŉ predikant. Vanuit die groepie kinders het ek reeds 26 vrae gekry om mee te begin:

  **Vraag 1:**
  **Hoe besluit dominee watter Skrifgedeelte om Sondag te lees en vanuit te preek?**
  Om ŉ Teks vir die erediens te kies is nie so maklik soos wat dit klink nie. Jy kan nie maar net die Bybel oopmaak en op enige plek begin lees nie. Dis ŉ groot verantwoordelikheid wat versigtig en biddend aangepak moet word. Hoekom? Omdat, in die Skrifgedeelte kom God self aan die Woord. Deur sy Gees kom God deur die Woord persoonlik na ons as gemeente om ons te laat groei en vernuwe. Deur sy Woord begenadig en versterk die Here ons as gemeente vir ons dienswerk in sy koninkryk.

  So hoe bepaal ŉ mens wat God vir die gemeente wil sê? Dis waar huis-, sieke-, en pastorale besoeke, asook betrokkenheid in die gemeente en gemeenskap baie belangrik is, om die gemeente se omstandighede te ken. Dan kom die vraag: "Wat het die gemeente nodig om te hoor?" (Belangrik, nie wat ***wil*** die gemeente hoor nie, maar wat het hulle ***nodig*** om te hoor?) As daar groot hartseer is, is troos nodig. As daar volhardende sonde/ongehoorsaamheid is, is vermaning nodig, ens.

  Tog kan mens ook maklik net rond val tussen maklike troos boodskappies (want troos is tog altyd nodig). Daarom is ŉ groter prentjie (beplanning) ook nodig, sodat ons die volle raad van God preek. Hiervoor help die Kategismus prediking, asook jaar en kwartaal temas. Dit sorg dat die gemeente bly groei volgens ŉ mooi gestruktureerde orde.

  So om ŉ Teks te kies vat baie gebede, baie selfondersoek en baie leeswerk om ŉ geskikte gedeelte te kry om die gemeente se nood en omstandighede aan te spreek. Laat ons ook hierin vir die predikante bid vir die leiding van die Gees.

- **Silwerdoppers**

  Die Silwerdoppers vergader weer op Woensdag, 14 Februarie om 10:00 die oggend by die kerk. By die geleentheid sal ds. Sarel ons lei in die Bybelvasvrae uit **Rigters 4-8**. Ons vra dat al ons lidmate bo sestig die geleentheid bywoon. Na afloop van die vasvrae drink ons saam tee. Ons wil ook langs die weg ons lidmate hartlik bedank vir hulle ondersteuning met ons maandelikse verkoping. Ons "hamburger" projek gedurende Januarie was 'n groot sukses.

- **Christelike onderwys - Vakbenaderings vir hoër- en laerskoolonderwysers**

  Gaan Christelike onderwys voortbestaan in Suid-Afrikaanse skole?

  Wroegings oor hierdie vraag vind plaas in die media, howe en onder ouers en onderwysers. As 'n gelowige ouer of onderwyser is daar 'n goeie kans dat jy self ook al oor hierdie vraag gewonder het. Nietemin, die antwoord hierop is eenvoudig. Solank daar onderwysers is wat hul lesse vanuit die Christelike perspektief aanbied, sal Christelike onderwys in Suid-Afrikaanse skole bly voortbestaan.

  'n Glans boek ***Christelike onderwys: Vakbenaderings vir hoër- en laerskoolleerlinge*** bied gelowige onderwysers 'n raamwerk vir die Christelike perspektief op al die vakgebiede wat tans deel vorm van die kurrikulum van Suid-Afrikaanse hoër- en laerskole. Die boek is geskryf deur outeurs met eerstehandse kennis van onderwys in 'n Christelike milieu en bied raad ten opsigte van die Christelike beskouing vir alle skoolvakke.

  Waar die wêreld probeer om vir leerlinge te leer om hulle skoolvakke van hul geloofslewe te skei, moedig die boek gelowige onderwysers aan om hul benadering, asook die van hulle leerlinge, te rig op God.

  Skole wat 'n gratis hardekopie van die boek wil bekom, is welkom om 'n epos aan Pieter Bisschoff by pieterlrbisschoff@gmail.com te stuur sodat ons die nodige reëlings kan tref om die boek aan u te besorg. 'n Elektroniese weergawe van die boek kan ook gratis by www.christelikemedia.org afgelaai word.

- **Koster**

  Die Koster posisie is steeds beskikbaar en aansoeke kan by die kerkkantoor ingegee word of e-pos dit aan: gkerkpburgsuid@telkomsa.net

  - Die vergoeding is R3400 per maand
  - Eie vervoer is vereiste en uit die aard van die saak sluit dit ure oor naweke in

- **Uitnodigings**

**MANNE KAMP:**
**DV VRYDAG, 16 FEBRUARIE 2018**
**(GK PBG-NOORD) VAN 18:00**

Al die manne van 2 tot 100 word uitgenooi om vir die aand te kom kamp op die kerk se terrein.

Daar gaan lekker gebraai en gekuier word. Op die "program" is kampvuurstories en nog vele meer!

**DIE KAMP is net vir die MANNE! GEEN dames nie (Ma's, Oumas, Tannies, Niggies of Sussies)**.

Skryf jou naam om die lys wat op die kennisgewingbord is.
**Ons sien jou daar!**

**DAMESOGGEND:**
**DV SATERDAG, 17 FEBRUARIE 2018**
**(GK PBG-NOORD) OM 8:30**

Dit is nie net die manne wat lekker dinge gaan doen nie, Saterdagoggend is dit die "dames" – *jonk in jare en jonk van gees* se beurt.

'n Hele paar verrassings word beplan en ons gaan kuier soos net die "dames" kan.

Skryf jou naam om die lys wat op die kennisgewingbord is.

**Ons sien jou daar!**

- **Susters**

- Teeskinkbeurte

| | |
|---|---|
| 11 Februarie: | Lynne O'Reilly<br>Ina Hamman<br>Janine Bernhardi<br>Lida Bornman |
| 18 Februarie: | Nita Schutte<br>Ansie Roets<br>Hilda Hattingh<br>Ina Hamman |

- **Beroepenuus**

Geen.

- **Bybelstudie**

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Bendor Pastorie |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Flippie Hoogendyk (082 695 0799) | Sondag, 11:00 | Van huis tot huis |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:00 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Donderdag, 18:30 | Bendor Pastorie |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word.**

Indien daar lidmate is wat individueel of in gesinsverband wil huisbesoek doen, het ek ŉ paar wat ek vir julle kan aanstuur. My adres is: altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees
Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus

- **Plasings in die Basuin**

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Lynda Both kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur. **Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# Kalender

| *Verjaardae* | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So. – 11 Feb. | Nadia Kotze | B | 082 398 0114 |
| | Daniël Snyman | D | 079 500 3458 |
| Ma. – 12 Feb. | Juné Carstens | D | 072 537 4154 |
| | Salomie Smit | B | 079 880 5348 |
| Di. – 13 Feb. | Gerhard Maritz * | B | 083 461 6974 |
| Wo. – 14 Feb. | Jan Albertyn | B | 082 895 9150 |
| Do. – 15 Feb. | Christo Venter | B | 082 716 1381 |
| Vr. – 16 Feb. | Dewald Hattingh * | B | 082 460 3237 |
| Sa. – 17 Feb. | Susan Petitt | B | 083 959 2290 |
| | Lynette Pretorius | B | 072 966 6619 |
| | Reinhardt Weidemann | B | 082 610 0623 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 13 Feb. 2016 | Reinhardt en Melanie Weidemann | 2 | 082 610 0623/083 419 2911 |
| 17 Feb. 1990 | Kudu en Lynette Pretorius | 28 | 082 929 9751/072 966 6619 |

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
**Tydelike koster:**
Cassie Carstens
081 354 3400

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581
Marisa Linde
083 408 2100
Renchia Grobbelaar
072 634 3442

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Lynda Both |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | gkerkpburgsuid@telkomsa.net |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg-Suid** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |